# 16 Maart 2024 - Lesing 263 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

**Die seën van 'n liefdevolle voorbidding –** 13/2/62

**NO: 8101** Geen siel aan wie julle julle liefdevolle voorbidding skenk, sal gebrek ly nie.

Hoewel My Liefde gebind is aan die wet van die ewige ordening, kan julle liefde **'n verlossende uitwerking** hê. En ter wille van julle liefde **kan Ek die siele krag laat toekom** en hulle help om hulleself definitief te verlos.

Want Ek wil julle slegs aanspoor om liefde te skenk, **omdat liefde 'n krag is** wat beide:

1. die onverloste hulp kan bied, asook
2. om julleself in julle positiewe ontwikkeling vooruit te help.

En so het alles 'n buitengewone seënryke uitwerking, wat in liefde sy motivering het, **op aarde sowel as in die hiernamaals.**

As julle mense in staat is om alles met julle liefde te omvat, dan is julle al ver gevorderd in julle ontwikkeling en sal julle as voltooide wesens kan ingaan in die ryk hierna, wanneer julle siel die aardse liggaam verlaat. Maar so 'n liefde kan die mense maar selde uitbring, **want meestal oordeel hulle nog suiwer menslik** en sien hulle die **foute en swakhede** van hul medemens, wat hulle daarom na hul mening nie kan liefhê nie.

Maar die liefde moet sodanig wees dat sy vir alles begrip het, dat sy **alles kan vergewe**, dat sy die swakhede en foute van die medemens **met oë vol medelye sien,** sodat sy bereid sal wees om hom te help.

En wie vir homself hierdie graad van liefde op aarde eie kan maak, kan homself werklik gelukkig prys. **Want hy het die omvorming van sy wese tot liefde volbring**, wat die doel van sy weg oor die aarde was.

Maar julle moet almal julle bes doen om die graad van liefde te verkry en julle moet daarom steeds poog om vir julle 'n voorstelling te maak van die siel van die medemens wat dikwels in die diepste nood verkeer en hulp nodig het, **ongeag of hulle nog op aarde vertoef of in die ryk hierna**.

As julle sulke siele sou kon sien, dan sou 'n diep medelye julle aangryp. En julle wil sou dadelik aangespoor word om te help, om hulle te bevry uit hul nood. En so sal julle julleself ernstig besig moet hou met die gedagte **dat sulke siele dringend hulp nodig het** en dit maar selde ervaar, omdat ander mense ook aanstoot neem oor hul gedrag en hulle daarom heeltemal geen liefde verwerf by hul medemens nie.

Die gedagtes van die mens kan nie goed wees nie, maar die siel is te bekla, **omdat sy haarself in die boeie van die teenstander bevind**, wat al die goeie in haar verstik het. En in haar swakheid is sy hulpeloos aan hom uitgelewer, omdat sy in haarself **geen liefde opwek** wat haar krag sou kon skenk om weerstand te bied nie.

En sulke siele sal julle moet help met julle liefde.

'n Goeie gedagte, 'n voorsprakende uitroep na My en ook 'n onbaatsugtige daad om te help wat die siel weldadig aandoen, **kan in die siel die liefde laat opvlam,** omdat sy 'n **krag** in haarself voel wat julle liefde haar laat toekom het.

As julle steeds maar sou probeer om julle in die nood van die siele te verplaas, dan kom julle liefde hulle tegemoet en julle sou waarlik by hierdie siele verlossend werksaam kan wees.

Want elke siel wat nog in volledige duisternis leef, wat nog nie die krag van die liefde in haarself bespeur het nie, **is te bekla**. En juis by sulke siele gaan julle verby. Julle skenk weinig aandag aan hulle of julle wend julleself van hulle af, **omdat die mense julle nie geval nie,** omdat julle dink dat julle nie van hulle kan hou nie.

**Bekommer julle oor hulle**. Probeer julle in hul nood te verplaas, julle wat die lig al gevind het. Hê medelye met diegene wat sonder lig voortgaan. Skenk aan hulle liefde en lê hul nood aan My voor, en Ek sal waarlik, ter wille van julle liefde, hulle genadig wees en hulle van krag voorsien, wat hulle maar net reg moet gebruik om 'n uitweg te vind uit hul nood. Dink minder aan die mens as aan sy siel, wie julle dankbaar is vir die geringste hulp, **omdat sy haarself nie kan help as sy geen beroep doen op die krag van die liefde nie**.

En omdat sy self weinig liefde het, sal julle hierdie siel liefde moet laat toekom. En julle sal so verlossend besig wees en net so vervulling vind van julle versoeke, as julle self in geestelike nood is en dit aan My voorlê.

Want julle almal het hulp nodig van My kant af, solank julle nog oor die aarde gaan. En ook in die ryk hierna sal Ek diegene vir wie julle in liefde bid, **die hulp nie weier nie.** Amein.